PREEKOPSOMMING



Junie preekreeks: MOSES EN DIE KINDERS VAN ISRAEL – *Lesse vir 2008.*

Tema nr 2: ***'n Les oor foute.***

Teks: 1 Korintiërs 10:1-13.

Teksvers: ***"Hierdie dinge het gebeur as <u>voorbeelde</u> vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie." (1 Korintiërs 10:6).***

Datum: 15 Junie 2008 (Vadersdag)

Prediker: Dr Johan Kruger (Tel: 057 3882526/ 0842568031)

Geskiedenis en die betekenis vir vandag: Mense se foute

Wat het datums in die verlede en geskiedkundige feite enigsins met ons lewens vandag te make? Hoekom leer ons dan van Moses en die volk Israel? Die antwoord is eenvoudig: Ons kan leer uit die mense van die ou dae se foute. Dan moet ons sorg dat ons dit nie weer maak nie. Foute kan jou lewe terugsit en dit kan selfs jou lewe verwoes. Daarom moet ons die foute van die mense in die ou dae vermy en sorg dat ons nie in dieselfde slaggat trap nie.

Moses en Israel se foute

In 1 Korintiërs 10 praat Paulus van Israel en spesifiek van die lewe van Moses met die groot doel om ons te waarsku om nie dieselfde foute te begaan nie. Ons moet leer uit hul foute. Paulus fokus op die woestyntyd van Israel – 'n oorgangstyd – hulle was op pad na die Beloofde Land. Ons is ook geneig om foute te begaan as ons op pad is ... as ons in 'n oorgangstyd is.

1 Korintiërs 10:1-5 – Israel se bevoorregte posisie as kinders van God

Paulus verwys hier na die bevoorregte posisie wat die volk Israel gehad het voor God.

1. God het hulle gelei. God se teenwoordigheid het Hy sigbaar gemaak deur die wolk bedags en die vuurkolom snags (vgl Eks 13:22). As die wolk beweeg het het die volk agterna beweeg. So het God hulle daagliks gelei. Vandag is ons in dieselfde posisie voor God as sy kinders, deurdat die Heilige Gees ons met sy influistering lei (die Gees is die wolk in ons lewens).

2. God het 'n uitweg gegee om te ontsnap. Toe die volk Israel Egipte verlaat het, is die weermag van farao gou agterna om hulle te gaan haal. By die Rooi See (Eks 14) bewys God sy mag en kloof die see oop om vir die volk 'n roete te gee om te ontsnap. Paulus bring die gebeure in Eksodus 14 in verband met die doop. Toe die volk deur die Rooi See is het hulle die lewe van slawerny agtergelaat en oorgegaan in 'n lewe van vryheid. Die doop is die teken van 'n lewe van slaaf-wees onder die sonde (vgl. Rom 6:4-8) wat agtergelaat word en oorgaan in 'n lewe van vryheid in Christus.

3. God het in alles wat nodig was voorsien. In die woestyn was daar nie kos en water nie. Maar ook daarin het God voorsien. In Eksodus 16 voorsien die Here manna wat uit die lug val en in Eksodus 17 moes Moses net sy staf teen die rots slaan sodat daar water kon uitkom. Paulus vergelyk die manna en die water met die nagmaal en herinner ons dat Jesus Christus se dood aan die kruis vir ons alles voorsien het wat nodig was. Paulus noem die rots Christus. Water het hul lewe gered en so red die bloed van Christus ook ons lewens van die ewige dood.

2 miljoen Israeliete mis God se seën

2 miljoen Israelitete het uit Egipte getrek op pad na die Beloofde Land. En na 40 jaar in die woestyn het, met uitsondering van twee manne, nie een die Beloofde Land ingegaan nie. Dit was as gevolg van hul ongehoorsaamheid – hulle foute wat hulle begaan het wat veroorsaak het dat hulle God se seën mis. Deur hul ongehoorsaamheid is hul verhouding met God nie verbreek nie, maar die seën (die Beloofde Land) het hulle gemis.

5 foute wat die Israeliete begaan het wat hulle die seën van God laat mis het:

Fout nr 1 – Moenie dat sondige begeertes jou dryf nie (vgl vers 6)
In die Griekse vertaling staan hier: ***".. dat jou hart sondige goed begeer".*** As jy na 'n rusie met jou vrou wonder of jy nie 'n buite-egtelike verhouding moet aanknoop nie, is jy oorgehaal soos 'n geweer om 'n fout te begaan. In Genesis 4 lees ons van Kain se jaloesie en dan sê die Here vir hom in vers 7: ***"... die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers."*** Die sonde wag vir jou soos 'n wolf daarbuite juis wanneer jy 'n sondige idee in jou gedagtes toelaat om rond te speel (al beplan jy dit nie). Dan is die kanse goed dat hy jou gaan vang en in sy mag kry. Die Israeliete het daardie fout gemaak.

Fout nr 2 – Moenie iets of iemand bo God plaas nie (vgl vers 7)
Paulus verwys na die Goue Kalf-Episode in Eksodus 32. Moses het opgegaan met die berg om die tien gebooie van God te ontvang. Die tyd het vir die volk net té lank geraak en uit verveeldheid skep hulle toe hul eie god. Hulle aanbid toe 'n dooie ding wat uit juwele gegiet is. Ons goue kalwe in 2008 kan enigiets wees soos 'n werk of sport of 'n persoon. Waar iets bo God gestel word kan jou van God se seën beroof.

Fout nr 3 – Moenie jouself oorgee aan seksuele immoraliteit nie (vgl vers 8)
Seksuele immoraliteit was 'n groot probleem in Moses se tyd, in die tyd toe Korintiërs geskryf is en ook vandag. Paulus verwys hoogswaarskynlik na Numeri 25 waar 24 000 mans van Israel gesterf het as straf omdat hulle omgang gehad het met die Moabitiese vroue. Buite-egtelike verhoudings is verkeerd en bring groot hartseer. Maar wat die Moabitiese vroue gedoen het is dat hulle die Israeliete weggelok het van God en hul toewyding aan God. Die vraag is eintlik nie soseer of jy tans seksueel immoreel leef nie, maar of in 'n verhouding is wat jou eintlik weg lok van jou toewyding aan God? Breek vandag nog daarmee.

Fout nr 4 – Moenie God toets of kyk hoe ver jy kan gaan nie (vgl vers 9)
Paulus praat so asof Jesus Christus daar in die woestyn was. Hoekom? Want Hy was daar. Jesus is die tweede Persoon van God Drie-eenheid en Christus is van altyd af daar – ook in die Ou Testament. Paulus verwys na Numeri 21 waar die Israeliete uitgevaar het teenoor God en God as't ware getoets het en gekyk het hoe ver hulle met God kan gaan. Deur die 10 Gebooie het God die Israeliete geseën – reëls was vir hulle 'n seën en die volk het telke male gekyk hoe ver hulle God kan toets. En dit is nie die tipe verhouding wat God met ons wil hê nie.

Fout nr 5 – Moenie jou teen God verset nie (vgl vers 10)
Paulus verwys hier na Numeri 14 en 16. Die volk het hulle teen Moses en Aaron verset – in opstand gekom teen God en gekla. Hulle wou teruggaan Egipte toe. En dan vra Moses om vergifnis by die Here. Die Here vergewe maar weerhou die seën van hulle – 250 mans word deur vuur verteer en 14 700 is met 'n plaag gedood – hulle kon ook nie in die Beloofde Land ingaan nie.

Moenie dieselfde foute begaan as wat die Israeliete begaan het nie. Jy kan die seën van die Here heeltemal mis deur dieselfde foute te begaan.

Vers 13 – 'n positiewe einde en belofte
By Die Rooi See het die volk by 'n doodlooopstraat gekom, maar die Here het vir hulle 'n uitweg gegee – so sal daar in elke versoeking of moeilike situasie waarin jy kan beland altyd 'n ontsnap-roete wees. Daar sal 'n uitkoms wee, want die Here is getrou.

Wil jy die Here se seën en sy goedheid regtig beleef? Sorg dat jy nie dieselfde foute begaan as die Israeliete nie. Kyk weer na Numeri 14:24.